NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
2020

LEWENSORIËNTERING
GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING
DEEL B
NASIENRIGLYNE – ADDENDUM

Neem asseblief kennis dat die volgende vrae geïdentifiseer is as vrae wat vir 'n aantal leerderresponse toelaat, wat verwarring en angs in die nasiening veroorsaak het.

Addisionele responsopsies is daarop geskep om in die nasieningsproses van slegs die volgende geïdentifiseerde vrae by te staan.

1.1 Wat is volgens die bron die prioriteit van die Wêreldddag van Sosiale Geregtigheid?

Sluiting van die ongelykheidsgaping ✓ (om sosiale geregtigheid te bereik). (1)

1.2 Identifiseer EEN versperring waarvoor mense te staan kom vanweë hul geslag, ouderdom, ras of gestremdheid.

Nasiener se diskresie – hierdie vraag is bietjie dubbelsinnig; daarom ...

Albei interpretasies is aanvaarbaar:

1. *Leerders mag een lewensvatbare versperring in <u>enige</u> van die vier kategorieë identifiseer (vir 1 punt) en dan die versperring verduidelik (vir 3 punte). Hoekom bestaan die versperring/wat is die gevolge van die versperring, ens.*

OF

2. *Leerders kan een versperring vir **elk** van die vier kategorieë verskaf en daarom een punt per versperring kry.*

   Byvoorbeeld:

   - *Geslag – vrouens word as minderwaardig gesien/swakker geslag in baie gemeenskappe/gesien as die enigste rol in die samelewing is om voort te plant en 'n man se behoeftes te bevredig, ens.✓/+ verduideliking ✓✓✓*
   - *Ouderdom – baie jong mense word nie ernstig opgeneem nie en as naïef gesien/bejaardes word nie meer as dienlik in die samelewing gesien nie.✓/ + verduideliking ✓✓✓*

- *Ras – sommige rasse word as minderwaardig teenoor ander gesien/as kriminele gebrandmerk/onnosel.✓/+ verduideliking. ✓✓✓*
- *Gestremdheid – mense met gestremdhede word gesien as onbekwaam of hulpeloos om enige iets vir hulself te doen.✓/ + verduideliking. ✓✓✓* (4)

3.3 Paragraaf 2 verwys na 'n gevoel van wantroue. Beskryf hierdie gevoel van wantroue soos daar in hierdie konteks daarna verwys word: wie word wantrou en waarom.

Enige lewensvatbare respons – nasiener se diskresie: leerderrespons moet die konteks van Bron 2 weerspieël, maar kan van enige van hierdie drie invalshoeke antwoord: die burgers in hierdie woonbuurte voel óf wantroue teenoor ander óf teenoor mekaar óf word wantrou deur die samelewing in die geheel.

OPSIE 1

WIE: ✓ Polisie, gesag en samelewing in die geheel word wantrou.

HOEKOM: ✓✓ Hulle wantrou gesag omdat hulle soveel keer deur die samelewing teleurgestel is/*mishandel deur polisie en gesag – wat hulle in die eerste plek in hierdie situasie gesit het/leë beloftes deur mense wat aangebied het om te help/met disrespek behandel.*

OF

OPSIE 2

WIE: ✓ Die burgers in hierdie gemeenskappe vertrou mekaar nie.

HOEKOM: ✓✓ Diegene wat gewelddadige en/of kriminele gedrag ten toon stel, tree dikwels in hulle eie woonbuurte en binne hulle eie gesinne op aangesien toegang makliker is en dit makliker is om daarmee weg te kom, ens.

OF

OPSIE 3

WIE: ✓ Die samelewing in die geheel wantrou gemarginaliseerde burgers/ mense wat in armer gemeenskappe woon.

HOEKOM: ✓✓ 'n Groot deel van geweld en misdaad ontstaan in hierdie armer gemeenskappe en word in meer welvarende gemeenskappe uitgevoer waar dit makliker is om rykdom te bekom, ens. Die samelewing in die geheel neig om te veralgemeen en aan te neem dat alle arm burgers kriminele is, ens. (3)

IEB Copyright © 2020